# Departement Bewaringsekology & Entomologie

## Voorgraadse Program

**BSc Bewarinsekologie**

Wil u eendag as deel van u werk die wêreld se bewaringskwessies aanspreek? Hierdie unieke program, met die klem op sosio-ekologiese stelsels, rus u toe om te werk aan die oplossing van uitdagings vir bewaring. Die gebiede waarin u 'n beroep kan kies, is: omgewingsimpakstudie en -monitering (land- en varswater), herstelekologie, wildplaasbestuur, ekotoerisme, gemeenskapsgebaseerde bestuur van natuurlike hulpbronne en omgewingsgerigte, volhoubare produksie in landbou en bosbou (insluitend organiese plantbestuur), bewaringsbeplanning en navorsing oor bewaringsbiologie.

Die vierjarige program begin met modules in Biologie, Chemie, Geo-omgewingswetenskap, Rekenaarvaardigheid en Wiskunde. Gedurende die tweede jaar bestudeer u vakke wat handel oor Bewaringsekologie, Biodiversiteit en toegepaste wetenskappe, soos Geografiese Inligtingstegnologie (GIT). In u derde jaar val die fokus op Bewaringsekologie, Biodiversiteit en Ekologie, Biometrie en Boskunde, asook 'n keuse tussen GIT, Grondkunde, addisionele modules vir Biodiversiteit en Ekologie en Genetika. Gedurende u vierde jaar integreer u al die vaardighede wat u in die eerste drie jaar opgedoen het om te fokus op die groot en brandende kwessies in bewaring. Daarbenewens stel ons u deurlopend bloot aan praktiese sessies gedurende die vier jaar van die program. U sal ook in u vierde jaar 'n navorsingsprojek oor 'n voorafbepaalde bewaringskwessie ontwikkel. U kan ook spesialisonderwerpe kies, soos insekbewarings biologie. As gevolg van die uitwissingskrisis neem die vraag na sulke gespesialiseerde kennis wêreldwyd toe.

**Basiese toelatingsvereistes vir universiteitstudie:**

'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of Onafhanklike Eksamenraad (OER) skool voltooiings-sertifikaat soos gesertifiseer deur Umalusi met toelating tot baccalaureusgraadstudies.

- 'n Universiteitsvrystellingsertifikaat uitgereik deur die Suid-Afrikaanse Matrikulasieraad aan studente met ander skoolkwalifikasies
- Die minimum akademiese vereiste vir 'n Baccalaureusgraad is:
  - 30% vir 'n Suid-Afrikaanse Taal van Leer en Onderrig (Engels of Afrikaans) en
  - 'n Prestasiesyfer van 4 (50% - 59%) in vier 20-krediet vakke
- Skryf van die Nasionale Normtoetse (NNT's) word van School of Tomorrow aansoekers vereis

**Fakulteitsvereistes vir BSc Bewaringsekologie:**

- 'n Gemiddelde van minstens 60% in die NSS, OER of relevante finale skooleksamen
- Afrikaans of Engels (Huistaal of Eerste Addisionele Taal) 4 (50%)
- Wiskunde 5 (60%)
- Fisiese Wetenskappe (Fisika en Chemie) 4 (50%)
- Die skryf van die NTT's word van School of Tomorrow aansoekers vereis

**Bereken u gemiddelde NSS-waarde**

Die gemiddeld word bereken deur die Taal van Leer en Onderrig vak (Engels of Afrikaans) met die hoogste prestasie te neem + (5 x beste prestasie vir 20-krediet vakke (behalwe Lewensoriëntering en 'Wiskunde 3')). Die totaal gedeel deur 6 is gelyk aan u NSS-gemiddeld.

Neem asseblief kennis:
• Die standaard aantal vakke in graad 12 is 7 (6 x 20-krediet skoolvakke + Lewensoriëntering).
• In die geval van skoliere wat 6 x 20-krediet skoolvakke het, word al 6 vakke by die berekening ingesluit.
• In die geval van skoliere met >6 x 20-krediet skoolvakke, word slegs die beste 6 vakke ingesluit, waarvan 1 'n Taal-vak moet wees.

**Nagraadse programme**
- MSc en PhD in Bewaringsekologie
- MSc en PhD in Entomologie
- MSc en PhD in Nematologie